# Die ontstaan en inrigting van die SVTT (Praktiese Opleiding) van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die Universiteit van Pretoria

M J du P Beukes

Universiteit van Pretoria

Abstract

The inception and establishment of the Centre for Continued Theological Education (Practical Training) of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika at the University of Pretoria

During 1988 the Curriculum Committee of the Faculty of Theology (Sec A) launched an in-depth investigation into the training of ministers of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. With a view to maintaining the practical and academical training standards, it was decided to provide for more practical training to take place at the Centre for Continued Theological Education (CCTE). During 1989 this decision culminated in a second division of the CCTE which started to provide this important supplement to the existing curriculum, known as Practical Training. This division has since been called the CCTE (Practical Training) Department.

## 1. DOEL VAN DIE ARTIKEL

Die doel van hierdie artikel is om kortliks die geskiedenis van die rol van opleiding in die praktyk in die Fakulteit Teologie (Afd A) van die Universiteit van Pretoria

weer te gee en aan te toon dat opleiding in die praktiese beoefening van die kerklike verkondigingsgestaltes eers tot hulle reg gekom het met die instelling van die SVTT (Praktiese Opleiding) in 1989.

## 2. KURRIKULERING

'Curriculum ist zu einem den pädagogischen Bereich verlassenden Modewort geworden' (Hesse & Manz 1972:9). In die laat sewentiger- en begin tagtigerjare is daar by feitlik elke universiteit indringend aandag aan kurrikulering gegee. Die breë omskrywing van wat kurrikulering behels, maak dit duidelik dat hierdie saak onontbeerlik is waar daar enigsins sprake is van beweging op die pad van kennisvermeerdering of toerusting vir 'n bepaalde aktiwiteit of beroep. Kruger sien kurrikulering in hierdie verband as "n verandering wat in mense teweeggebring word. Kurrikulering beteken per definisie "hele baan" of 'n bepaalde weg wat iemand moet voltooi om in bepaalde verband van nie-weet tot weet, of van nie-kan tot kan te vorder' (Kruger 1980:12).

In die lig hiervan het beplanning met kurrikulering as fokuspunt baie prominent in die universiteitswese geword. Geen wetenskaplike kan dit bekostig om op hierdie vlak agter te raak nie.

Kurrikulering aan teologiese fakulteite van bepaalde kerke het sy eie aard:

> Die kurrikulum-raamwerk waarbinne kurrikulering aan 'n teologiese fakulteit geskied, hang saam met die verbondenheid van die fakulteit aan 'n bepaalde konfessionele standpunt. Om tot bruikbare resultate te kom, moet die studieveld duidelik afgebaken word. Gevolglik sal daar in hierdie studie toespitsing wees op die aanpak van die teologie soos dit in die gereformeerde tradisie van die protestantisme gestalte vind. Hierby sal die breë konteks van 'n algemene, Christelike teologie egter steeds in ag geneem word. Die vraagstuk van kurrikulering sal prinsipieël belig moet word vanuit die meta-teologiese dissipline Ensiklopedie van die Teologie.
>
> (Potgieter 1987:4)

Die debat oor die noodsaaklikheid van kurrikulering deur die teologiese fakulteite is deurlopend gestimuleer deur die telkens voorkomende eis dat die kerk se opleiding kontekstueel moet wees (Kritzinger 1991:379-389). In die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was dit veral die studiestuk *Kerk en wêreld 2000* wat swaar klem op kontekstualiteit gelê het. Die behoefte aan nuwe kurrikulering is in hierdie kerk ook gestimuleer deur die beskouing oor praktiese

bediening in die gemeente soos dit in die studie oor nuwe bedieningstrukture na vore gebring is (NHKA 1989a:21-106).

Die vraag na herkurrikulering het om wetenskaplike redes uit die geledere van die Universiteit ter tafel gekom terwyl dit meer praktiese redes was wat die oproep uit die geledere van die Hervormde Kerk noodsaaklik gemaak het: 'Dit handel oor die vraag of die teologiese opleiding daarin slaag om studente so op te lei dat hulle die eise van die moderne ampspraktyk met vertroue tegemoet kan gaan' (Van der Merwe 1984:141).

Hierdie wetenskaplik-universitêre- en kerklike vraagstelling het daartoe aanleiding gegee dat die dosentevergadering van die kerk in 1981 besluit het om 'n komitee vir kurrikulum-ondersoek en -hersiening in die lewe te roep (Van der Merwe 1984:141).

Hierdie komitee moes die parameters waarbinne die teologiese opleiding van die kerk moet plaasvind, vasstel (Van der Merwe 1984:1). In die taal van die didaktiek beteken dit 'n deeglike situasie-analise met al die tersaaklike komponente van kurrikulering inbegrepe (Kruger 1980). In terme van nadere detaillering beteken dit die in berekening bring van die bestaande beleid, die opleidingsbehoeftes, die doelwitte, die leerinhoude, die leerder, die leerling, die leerervaring, die leergeleenthede en die evaluasie (Aucamp, Stander & Van Graan 1986).

Vir die Fakulteit het die vraag na die wetenskaplike gehalte van die opleiding en die kontekstualiteit van die eindproduk van die opleiding deurgaans baie swaar geweeg. In lyn met die algemene kurrikuleringstrategieë het die Fakulteit nie by leerinhoude vasgehaak nie, maar by die doel wat bereik moet word. Veral Van der Ven (1982), Lee (1965) en Beukes (1983) het die sentraliteit van doelwitte bepleit. Vanuit die doelperspektief het die vraag hoe die profiel van 'n predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika daar behoort uit te sien, op die voorgrond gekom. Aangesien die Fakulteit met die oog op 'teologiese opleiding en vorming' (NHKA 1989b:36) moet kurrikuleer, het nie net die vraag oor die predikant se kennis na vore gekom nie, maar ook die vraag na sy vaardigheid en sy gesindheid (UP – Notule Dosentevergadering Mei 1988:1-6).

Met bogenoemde in gedagte, het die ideaalbeskrywing van 'n predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika deur die Fakulteit Teologie meegebring dat op kognitiewe, vaardigheids- en gesindheidsvlak, bepaalde essensies na vore gekom het, wat vantevore nie in die kurrikulum opgeneem was nie. Die belangrikste byvoegings lê op die affektiewe en die vaardigheidsvlak. Op vaardigheidsvlak is die teoretiese aspekte wat vroeër deur Praktiese Teologie doseer is, deurgetrek na die praktyk en is die eis gestel dat naas die teoretiese begronding die teologiese student ook begelei moet word en in die praktyk geoefen moet word om die teorie op 'n sin-

vol-verantwoordelike wyse in die praktyk toe te pas. Naas die praktiese oefening in preekaanbieding, liturgiese inkleding, kategese en huisbesoek, is geoordeel dat die volgende praktiese aspekte ook onontbeerlik is vir 'n predikant van die kerk: praktiese toepassing van Kerkreg en gemeentebestuur, evaluering van eie ampsfunksionering, evaluering van die funksionering van ouderlinge en diakens en hulle begeleiding tot goeie funksionering, uitbouing van die gemeenskap van die gelowiges, kommunikasie met individue en groepe, toerusting van kategete, diakonale diensgroepe en werkgroepe, evangelisasie en die gemeente vir hierdie doel toerus, in staat wees om te beplan, te organiseer en te lei. Op gesindheidsvlak is die predikant beskryf as iemand wat onder andere 'n 'gebalanseerde en goed aangepaste mens is, hy behoort die kenmerke te vertoon wat eie aan 'n Christengelowige is, sy geloof moet sy erns wees en hy moet 'n bewussyn van ampsgeroepenheid hê (UP – Notule Dosentevergadering Mei 1988:5).

Nadat die profiel van die 'ideale predikant' getrek is en die bykomend-noodsaaklike opleiding en vorming geïdentifiseer is, het die vraag na strategieë aan die orde gekom. Die kernvraag was of die bestaande struktuur van opleiding onveranderd benut kan word vir die nuwe eise wat gestel word. Dit het noodwendig 'n her-evaluasie na die kerk se uitgangspunte ten opsigte van die opleiding van sy predikante, veral die praktiese opleiding en die geestelike vorming, gevra.

Drie vrae het ter tafel gekom:

* Watter plek behoort praktykoefening in die teologiese opleiding in te neem ?
* Moet algehele praktiese sake gedoseer word?
* Moet hierdie praktiese opleiding aan die Universiteit in die Fakulteit Teologie of in 'n kweekskool of in 'n teologiese sentrum geskied?

Die laaste vraag se antwoord sou in 'n baie groot mate deur die antwoord op die eerste twee vrae bepaal word.

## 3. GESKIEDENIS VAN DIE PRAKTIESE OPLEIDING

Vanaf 'n vroeë stadium in die Fakulteit se geskiedenis, is opleiding in Praktiese Teologie as noodsaaklik beskou. Die verstaan van hierdie vak se wese sou uiteindelik bepaal watter plek dit in die Fakulteit sou inneem.

Aanvanklik is Praktiese Teologie deur dosente uit ander dissiplines as die Praktiese Teologie, gedoseer. Vanaf 1917 tot 1945 het dr J H J A Greyvenstein dit hanteer; vanaf 1947 het prof A S Geyser Praktiese Teologie aangebied (Oberholzer 1967:29). Tot op daardie stadium is Praktiese Teologie nie as 'n Universiteitsvak nie, maar as 'n kerklike vak beskou (Botha 1967:30).

Die vraag kan tereg gevra word waarom Praktiese Teologie nie as selfstandige teologiese wetenskap met 'n eie leerstoel hanteer is nie. Die antwoord word nie op skrif vir die nageslag gegee nie. Dit hang waarskynlik met die algemene beskouings en vrese wat ten op sigte van Praktiese Teologie bestaan het, saam. J I de Wet se indeling van die Praktiese Teologie in drie denkrigtings belig hierdie saak baie goed. Hierdie denkrigtings is: die praktiese denkrigting, die spekulatiewe denkrigting en die prakties-teologiese denkrigting (De Wet 1963:91).

Leerstoele in die Praktiese Teologie het aan die begin van die negentiende eeu tot stand gekom met die doel om die vak wat bekend was as Pastoraalteologie te doseer: 'De zogenaamde pastoraaltheologie nu was eigenlijk niet meer dan een in de loop van de geschiedenis gegroeide verzameling van allerlei kerkelijke en pastorale ervaringen en raadgevingen...Niet zelf een theologische discipline, had ze alleen tot taak aan de theologische studie een praktishe afronding toe te voegen (Jonker 1968:7).

In die lig van bogenoemde het die kerk waarskynlik uit vrees vir 'n algehele opgaan in nie-teologiese menswetenskappe en die oordeel dat ampstegnieke goedskiks in die praktyk opgedoen kan word, geoordeel dat Praktiese Teologie nie as 'n selfstandig beoefende teologiese vak in sy teologiese opleiding noodsaaklik is nie.

Teenoor die vrees dat Praktiese Teologie slegs ampstegnieke is, was die heersende gedagte op 'n stadium dat Praktiese Teologie slegs spekulatiewe teologie is. Vir hierdie stroom is slegs die aard en die doel van die verkondiging, dit wil sê slegs die prinsipiële, die objek van die Praktiese Teologie: 'Waar die praktiese rigting die praktyk isoleer van die principia, daar isoleer die spekulatiewe rigting weer die principia van die praktyk. En langs hierdie weg word die Praktiese Teologie 'n teologie van lewens- en wêreld-ontvlugting' (De Wet 1963:92).

Met enersyds die vrees dat Praktiese Teologie kan verval in die doseer van slegs ampstegnieke en andersyds die waarskynlike oortuiging dat Praktiese Teologie spekulatiewe teologie is, is dit vanselfsprekend dat in die tyd van Greyvenstein en Geyser die Praktiese Teologie nie verder sou kom as die dosering van enkele lesings deur bestaande nie-prakties teologiese dosente nie. Dit spreek eintlik vanself dat daar in daardie tyd nie veel sprake sou wees van praktiese inoefening op enige vlak nie. Daar was slegs 'n klaspreek in BD 1, BD 2 en BD 3. Verder is elokusieklasse deur mej Stephanie Faure gegee (gegewens verkry uit persoonlike gesprekke met ds P M Smith en prof J H Koekemoer).

Met ingang 1 Februarie 1963 is J I de Wet aangestel as tydelik-deeltydse dosent in Teologie. Die vak Praktiese Teologie is op daardie stadium in verskeie onderafdelings verdeel. Elke lid in die Fakulteit het 'n deel behartig. J I de Wet het Homiletiek, Kategetiek en Sielsorg doseer. Hy was ook verantwoordelik vir praktiese

preekoefening (UP – Notule Kuratorium 1963:4). In 1967 besluit die Kuratorium om die Algemene Kommissie te versoek om die leerstoel Praktiese Teoiogie met J I de Wet te laat vul (UP – Notule Kuratorium 1967:3).

Prof J I de Wet kan tereg beskou word as die vader van Praktiese Teologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hy lewer nie die Praktiese Teologie uit aan die nie-teologiese hulpwetenskappe nie. Vir hom is Praktiese Teologie ook nie 'n vlug in die spekulatiewe in nie. Die vorm en die metode van die Praktiese Teologie lei hy af van die *principia* en maak dit diensbaar vir die kerklike verkondiging in die praktyk. Net soos vir Otto Haendler is Praktiese Teologie vir De Wet struktuurteologie van die verkondigende kerk (Haendler 1957): 'Praktiese Teologie is die wetenskaplike ondersoek en beskrywing van die aard, doel, vorm en metode van die verkondiging waardeur die kerk self in aansyn geroep word, en waarmee die kerk self in die wêreld die Woord moet verkondig' (De Wet 1963:95).

De Wet se basiese grondstelling dat Praktiese Teologie die teologiese wetenskap is wat hom besig hou met die kerklike verkondiging, vind neerslag in sy Homiletiek-, Kategetiek-, Poimeniek- en Liturgieklesings. In al sy lesings is 'n baie deeglike teologiese onderbou sigbaar. Nie-teologiese wetenskappe soos die Didaktiek, Sielkunde en ander wetenskappe wat hulle besig hou met die mens, beskryf hy as hulpwetenskappe van die Praktiese Teoiogie. Hy bly egter in gebreke om die werklike relevansie van hierdie wetenkappe vir die Praktiese Teologie aan te toon. Praktykinoefening het ook beperk gebly tot twee klaspreke gedurende die BD-studie.

In De Wet se era het die Fakulteit Teologie nie, soos De Wet self bepleit het, gekom tot 'n ten volle beroepsgerigte opleiding nie. Enersyds was daar seker steeds die vrees dat Praktiese Teologie sou verword tot opleiding in 'n paar nuttige tegnieke. Andersyds was dit steeds die algemene neiging onder Praktiese Teologiebeoefenaars om die praktiese opleiding slegs te sien as 'n teoretiese aangeleentheid.

Die definisie van Praktiese Teologie as die teologiese wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die kerklike verkondiging (De Wet 1963:95) of breër gesien die kerklike *diakonia* (Jonker 1968:12), het volgens Firet die gevaar ingehou dat die bestaande kerklike verkondigingsgestaltes die bepalende word vir die teorie van die Praktiese Teoiogie (Firet 1974:7). Hy wil die Praktiese Teoiogie eerder beskryf as 'n teologiese handelingswetenskap. Hierdie teologiese wetenskap beskryf in die besonder God se handelinge soos dit tot uitdrukking kom in die aktiwiteite van die kerk se 'kerygma, didache en paraklese' (Firet 1977:55). Hierdie beskouing het Firet gelei om die Praktiese Teoiogie baie sterk te sien in die lig van bepaalde sisteme: 'De praktische theologie onderzoekt de struktuur en de funktie van de communicatie-systemen die het komen van God tot de mens in zijn wereld intermediërend dienen (Firet 1974:9).

Firet se beskouings van die Praktiese Teologie het daartoe aanleiding gegee dat Praktiese Teologie steeds as teologiese wetenskap beoefen is, maar dat daar ook baie sterk begrip ontwikkel het is vir die bepaalde sisteme waarbinne die Praktiese Teologie funksioneer. Veral die vraag na die doeltreffendheid van die prakties-teologiese opleiding met die oog op kommunikasie binne 'n bepaalde sisteem en die kommunikasie van die kerk in die wêreld wyer as die gemeentestruktuur, het relevant gebly (Firet 1974:10).

Dit was veral Faber (1967) wat gepleit het vir meer opleiding deur middel van praktykoefening. Hy oordeel dat universiteite in die Middeleeue hoofsaaklik in die lewe geroep is met die oog op praktykopleiding. Die oorspronklike bedoeling is egter baie gou deur die proses van wetenskaplike ondersoek en besinning verdring. Waar die Praktiese Teologie aanvanklik sterk op beroepsopleiding gerig was, het dit ook geleidelik verval in slegs wetenskaplike teorieë. Naas wetenskaplik-teoretiese opleiding pleit Faber vir opleiding van 'leren door doen':

> De kunst van het gesprek voeren leert men niet door colleges of boeken of oefeningen in droogzwemmen, maar door een bewuste en goed gestructureerde training.
>
> Men gaat hierbij uit van een ander begrip leren dan aan de universiteit gevonden wordt. Het is een leren door doen, waarbij de verheldering en verbetering van het doen door een voortdurende critische begeleiding van een leermeester (een supervisor) bereikt wordt.
>
> (Faber 1967:162)

In die tagtigerjare het 'learning by doing' 'n slagspreuk in Amerika geword. Die teologiese fakulteite het nie ontkom aan die effek van hierdie slagspreuk nie. Die leermetodes by die verskillende teologiese fakulteite het 'n 'learning by doing'-gees begin adem. In hierdie tyd het Praktiese Teologie gegroei tot die vak wat die meeste belangstelling in teologiese fakulteite gaande gemaak het. Kursusse, veral in die Praktiese Teologie, is losgemaak van hulle teologiese onderbou en het grootliks vorm gekry deur die metodes en die inhoude van die psigo-sosiale wetenskappe. Voorts is die klem in die Praktiese Teologie swaar gelê op die interpersoonlike kommunikasie volgens die psigo-terapeutiese modelle van Carel Rogers en andere (vgl Faber & Van der Schoot 1972). Dit het tot gevolg gehad dat die sogenaamde 'Pastoral Theology' met sy 'counselling' in die vorm van hulpverlening tot die mobilisering en organisering van die innerlike vermoëns van die ander persoon, die hoofsaak van die teologiese beoefening geword het. Ten einde hierdie gesprekvoering geslaagd te kan doen, moet die student deur 'learning on the job' opgelei word. Naas die rol van suksesvolle gespreksgenoot, is veral van die predikant verwag om

midde-in die veranderde wêreld as eksodusleier en veranderingsagent te funksioneer. Hierdie vernuwingstendense staan in skerp kontras met die verlede:

> Waar dit in die verlede hoofsaaklik gegaan het om die prinsipiële en filosofiese begronding van die dienswerk, val die klem vandag hoofsaaklik op suksesvolle kommunikasie en interpersoonlike verkeer. Praktiese geslaagdheid en sukses om met mense te kan verkeer, het belangriker geword as die teoretiese en substansiële inhoude wat verkondig moet word. Die pragmatiese lewens- en wêreldbeskouing het ook ten opsigte van die opleiding van teologiese studente die oorheersende geword.
>
> (De Klerk 1980)

In Augustus 1983 is dr T F J Dreyer as opvolger van prof de Wet in die Departement Praktiese Teologie benoem (NHKA 1983:4). Soos sy voorganger, wil Dreyer die Praktiese Teologie voluit teologie laat wees. In lyn met die algemene Prakties-Teologiese benadering van sy tyd, formuleer hy vir die Praktiese Teologie 'n duidelike metateorie en basisteorie. As metateorie neem hy teologie as begronding vir sy vertrekpunt. Teologie is vir hom 'die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se geloofuitsprake oor God, gemeet aan die aanspraak van God op mense soos dit betuig word in die Skrif' (Dreyer 1991:6).

In aansluiting by Pieterse (Pieterse & Heyns 1990:53), kombineer Dreyer ook die handelingsteorie en die sisteemteorie om 'n basisteorie vir die Praktiese Teologie te formuleer. Waar die kommunikatiewe handelinge van die mens neig om te oorheers by Pieterse, bly die Woord by Dreyer die dominante as hy die volgende basisteorie vir die Praktiese Teologie formuleer: 'Praktiese Teologie bestudeer die kommunikatiewe geloofshandelinge van mense, gemeet aan die aanspraak van God op mense, soos dit betuig word in die Skrif' (Dreyer 1991:9).

Net soos sy voorganger, kies Dreyer vir die prakties-teologiese denkrigting. Anders as sy voorganger verval hy nie in die spekulatiewe denkrigting nie. Hy gee 'n sterk prinsipiële onderbou, maar gaan dan verder om 'n deeglike uitbouing ten opsigte van die verkondiging in die praktyk te gee. Soos reeds met sy professorale intrede aangetoon, verwys hy nie net na die nie-teologiese hulpwetenskappe nie, maar benut dit ook waar dit vir die Praktiese Teologie van hulp kan wees (Dreyer 1984). Van die begin af het Dreyer geoordeel dat praktykoefening vir die studente belangrik is. Vanweë die aard en die funksionering van die Fakulteit was dit egter nie moontlik om meer as net een klaspreek per student in die BD-jare te hou nie.

Hoewel die kerk in sy teologie vasgehou het aan die Woord en sy inhoud dieselfde gebly het, het sy praktyk die laaste aantal jare geweldig verander. Hierdie verandering het hoofsaaklik gekom omdat die kerk die besondere waarde van seke-

re nie-teologiese hulpwetenskappe ingesien het. Op die gebied van die kategese is veral geleun op die Sielkunde en die Didaktiek. Die Sielkunde het vir die kerk begrip laat kry vir die verskillende fases van kindwees. Die Didaktiek het die kerk laat insien dat daar meer as een moontlikheid bestaan om leerinhoude oor te dra. Vanuit hierdie wetenskappe is ook kennis geneem van die belangrikheid van doelwitformulering en deeglike teikengehoorontleding. Vanuit die Bedryfsielkunde het die kerk geleer hoe om toerustinggeleenthede sinvol te beplan en aan te bied.

In die lig van bogenoemde moes die kerk sy keuses maak ten opsigte van die opleiding van sy toekomstige predikante. Dit is te verstane dat daar vrees na baie kante sou wees:

* Daar was 'n vrees vir 'n vasval in ou strukture waarin goedgefundeerde inhoude funksioneer, maar nie by die adres uitgekom word nie.
* Daar was ook 'n vrees vir die oorskatting van die *hoe*, met 'n prysgawe aan vaste gefundeerde inhoude.

Met die wil om vas te hou aan 'n stewige teologies-gefundeerde onderbou en tegelyk 'n opleiding wat die student skool om in die moderne wêreld, met die regte strategieë, by sy adres uit te kom, het die Fakulteit besluit om sy reeds bestaande SVTT (Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting) vir hierdie doel te benut. Vanweë die besondere praktykgerigtheid en die noodsaaklike praktykoefening het die Fakulteit die Kuratorium geadviseer om eerder die SVTT met 'n praktiese been uit te brei as om nog 'n professor in Praktiese Teologie aan te stel. Op 29 Julie 1988 aanvaar die Kuratorium die volgende versoek van die Fakulteit: 'Dat 'n tweede direkteur in die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding benoem word met die oog op die praktiese opleiding van die BD-studente en dat alle opleiding wat nodig geag word vir BD-studie, maar nie deur Praktiese Teologie gehanteer word nie, aan die Sentrum toegewys word (NHKA 1988a:3).

Op aanbeveling van die Kuratorium besluit die Algemene Kommissie om die Universiteit van Pretoria te versoek om dr M J du P Beukes aan te stel as direkteur van die SVTT met die opdrag praktiese opleiding van teologiese studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA 1988b:28).

Die vraag kan tereg gevra word of die kerk met hierdie besluit nie sy standpunt van opleiding aan 'n universiteit in plaas van 'n kweekskool prysgegee het nie. As gelet word op die kurrikulering wat na die besluit gevolg het, is dit duidelik dat die Fakulteit met sy besondere optrede juis gekies het om vas te hou aan die dubbele doelstellings wat die teologie as wetenskap het, naamlik die interne om die teologie te hanteer op 'n sistematies deurdenkte wyse en die eksterne om die teologie te hanteer in diens van die kerk en sy verkondiging (Heyns & Jonker 1974:187). Die krite-

ria wat vantevore ten opsigte van opleiding aan 'n universiteit gestel is, geld nog steeds (Pont 1989:12):

* die eis van wetenskaplikheid wat die Universiteit aan die studie en beoefening van die teologie stel;
* die waarborg dat die akademies-wetenskaplike eise van die Universiteit ook aan die Fakulteit Teologie geld;
* die vorming van die student aan 'n inrigtng waar hy hom voortdurend moet verantwoord en handhaaf in die volle lewe.

## 4. INRIGTING VAN DIE SVTT (PRAKTIESE OPLEIDING)

Die strategie by SVTT (Praktiese Opleiding) is van so 'n aard dat die basiese teologiese vertrekpunte en onderbou wat die studente reeds in die Fakulteit ontvang het, dien as basis vir die opleiding in die praktiese sake waaraan nie aandag in die Fakulteit gegee kon word nie en die praktykoefening wat nooit plaasgevind het nie. Praktykoefening vind hoofsaaklik in gemeentes onder leiding van 'n vikaris plaas. Die vikaris ontvang deurlopend van die SVTT leiding ten opsigte van die doelwitte wat bereik moet word. Onder leiding van hierdie vikaris werk die student vir drie jaar terwyl hy met sy BD-studie besig is. Saam met hom is daar twee ander studente uit verskillende jaargroep in dieselfde gemeente werksaaam. Die studente is verantwoordelik daarvoor om mekaar se praktiese werk te evalueer. Aan die einde van die jaar doen die vikaris aan die direkteur van die SVTT verslag oor die praktiese werk van die studente in sy gemeente. Die direkteur van die SVTT gee op sy beurt weer verslag aan die Fakulteit van elke student se vordering. Die studente wat hulle praktiese werk bevredigend afgehandel het, ontvang van die SVTT 'n sertifikaat wat as 'n gedeeltelike toelating tot die proponentseksamen dien.

Elke dosent wat by die SVTT klasgee en die studente begelei, het reeds gepromoveer, of is besig met doktorale studie, of is ten minste 'n kundige op die gebied wat hy doseer.

Die studente ontvang formele lesings in Homiletiek in die Departement Praktiese Teologie. Onder leiding van dieselfde professor hou elke student in BD 2 'n klaspreek by die SVTT. In BD 3 hou elke student ten minste twee *gemeentepreke* in die gemeente waar hy/sy geplaas is. Vir die eerste keer in die geskiedenis kom die Himnologie tot sy reg deurdat die studente by die SVTT lesings in *kerksang* ontvang.

Dieselfde professor wat in Praktiese Teologie vir die studente lesings in Kategetiek aanbied, is verantwoordelik vir leiding by die SVTT in hierdie afdeling van die werk. In die gemeente waar die student geplaas is, bied hy/sy (in die BD 2-jaar) 'n *kategeseles* uit die Standerd 8-boek aan en tydens die BD 3-jaar 'n les uit die Standerd 9-boek. Met die oog op vervaardiging en hantering van *media* kry die studente ook 'n paar lesings by die SVTT. Aan die hand van 'n beplanningsmodule ontwerp

die studente tydens hulle BD 2-jaar 'n aanbieding vir 'n jeuggroep en bied dit aan om hulle kennis en vaardigheid in *jeugbediening* te toon.

Feitlik elke aspek van die Poimeniek (herderkunde) word by die SVTT hanteer. Die studente ontvang in Praktiese Teologie basiese lesings in die pastoraat. By die SVTT ontvang hulle detaillesings in Siekepastoraat, Bejaardesorg, Huisbesoek, Huwelikspastoraat en Chemiese afhanklikheid. Naas die formele lesings doen hulle in hierdie verband praktiese werk in 'n hospitaal en ouetehuis en kry in hulle gemeente 'n wyk waar hulle vir drie jaar huisbesoek doen.

By die SVTT deurloop die studente die GETP-kursus van die Hervormde Kerk en doen praktiese evangelisasie-besoeke.

Die studente ontvang lesings en praktiese oefening in 'n groot verskeidenheid aspekte van gemeentebou en kerkbestuur by die SVTT. Die volgende kom onder andere aan die orde: 'n beplanningsmodule, kerklike vergaderings, toerusting-geleenthede, gemeentelike finansies, KITAL se kursuspakette, die funksionering van die ondersteuningsraad en ander diakonale organe van bystand en kerklike administrasie.

Die teologiese professor het die taak om die student op te lei en te vorm (NHKA 1989b:43). In sy opsigtaak gee die Kuratorium deurlopend aandag aan die vorming van die teologiese studente. In die Fakulteit vind die vorming hoofsaaklik plaas deur die inhoude wat aan die studente gedoseer word. By die SVTT vind vorming veral plaas deur middel van *Bybelstudie* en kursusse in *geloofsbou* en die *huwelik*. Die vikarisse in die gemeente het ook 'n groot vormende invloed op die studente.

Voordat die studente formeel met hulle BD-studie begin, bied die SVTT vir hulle 'n weeklange oriënteringskursus aan. Gedurende hierdie week word die basiese doelwitte van die Fakulteit en die kerk met betrekking tot die opleiding vir die studente uitgespel.

## 5. EVALUASIE EN TOEKOMSVISIE

Die lesings van die SVTT word hoofsaaklik in resestye aangebied. Uit die aard van die saak kan dit nie in een resestyd aangebied word nie. Dit beteken dat 'n deel van die kursus gedurende elke vakansie gehanteer moet word. Dit verbreek die eenheid van die kursus. Aangesien die studente 'n groot hoeveelheid akademiese werk het, bestaan die geneigdheid om die praktiese werk af te skeep.

Daar behoort oorweging geskenk te word aan die moontlikheid om die praktiese opleiding te verskuif tot na afhandeling van die BD-studie. Die ideale sou wees dat die student vir ses maande in 'n gemeente onder leiding van 'n vikaris geplaas word en dat die SVTT-lesings en begeleiding gedurende hierdie tyd plaasvind. Eers na afloop hiervan word die student dan toegelaat tot die proponentseksamen.

## 6. SAMEVATTING

In 1988 het die Kurrikulumkomitee van die Fakulteit Teologie (Afd A) besluit om 'n intensiewe ondersoek te loods na die opleiding van die predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Nadat 'n profiel van die ideale predikant getrek is, is besluit dat onder andere meer aandag aan praktiese opleiding gegee moet word. Met die oog op handhawing van akademiese standaarde is besluit dat hierdie meer prakties gerigte opleiding sou plaasvind binne die raamwerk van die SVTT. Dit het tot gevolg gehad dat 'n tweede been van die SVTT in 1989 tot stand gekom het. Hierdie afdeling sou bekend staan as SVTT (Praktiese Opleiding). Onder leiding van 'n direkteur en deeltydse dosente word die studente by die SVTT (Praktiese Opleiding) geskool in praktykaanbieding en al die aspekte wat vroeër nie deur Praktiese Teologie gedek is nie. Hier word die studente ook gevorm tot geskikte predikante vir die Hervormde Kerk.

## 7. Literatuurverwysings


Aucamp, J P, Stander, M W & Van Graan, F 1986. *Opleiding en organisasie ontwikkeling*. Potchefstroom: Wesvalia Boekhandel.

Beukes, M J du P 1983. *Kategese, 'n handlleiding vir kategete*. Pretoria: KITAL.

Botha, S J 1967. *Na vyftig jaar ii: Gedenkalbum Teologiese Fakulteit Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria.

De Klerk, J J 1980. Die in-diens-opleiding van teologiese studente, in Barnard, A C (red), *Teologiese opleiding in teorie en praktyk*, 75-87. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Wet, J I 1963. *Praktiese Teologie: die wetenskap en die wetenskaplike*. Ongepubliseerde diktaatlesings, Universiteit van Pretoria.

Dreyer, T F J 1984. Die noutetiese beraad: Bybels of biblisisties. Professorale intreerede, Universiteit van Pretoria.

--- 1991. *Inleiding tot die Praktiese Teologie*. Ongepubliseerde diktaatlesings, Universiteit van Pretoria.

Faber, H 1967. Praktische Theologie? *Ministerium tijdschrift voor praktische theologie en ambtelijke praktijk* 69, 162-170.

Faber, H & van der Schoot, E 1972. *Het pastorale gesprek*. Utrecht: Erven J Bijleveld.

Firet, J 1974. De situatie van de praktische theologie. *Nederlands tijdshrift voor pastorale wetenschappen* 1/1, 7-22.

--- 1977. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

Haendler, O 1957. *Grundriss der Praktischen Theologie*. Berlin: Topelmann.

Hesse, H A & Manz, W 1972. *Einführung in die Curriculumforschung*. Berlin: Köln.

Heyns, J A & Jonker, W D 1974. *Op weg met die teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, W D 1968. *Theologie en praktijk*. Kampen: Kok.

Kritzinger, J J 1991. Gereformeerde teologiese opleiding en die toekoms. *In die Skriflig* 24/4, 379-391.

Kruger, R A 1980. *Beginsels en kriteria vir kurrikulum ontwerp*. Pretoria: HAUM.

Lee, J M 1965. *Seminary education in a time of change*. Indiana: Fides publishers.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1983. Notule van Kuratorium, Augustus 1983. Pretoria: NHKA.

--- 1988a. Notule van Kuratorium, 29 Julie 1988. Pretoria: NHKA.

--- 1988b. Notule van die Algemene Kommissie, September 1989. Pretoria: NHKA.

--- 1989a. Agenda van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.

--- 1989b. *Kerkwet en bepalings*. Pretoria: NHKA.

Oberholzer, J P 1967. Na vyftig jaar 1917-1930, in *Gedenkalbum van die Teologiese Fakulteit (Afd A) van die Universiteit van Pretoria*. Krugersdorp: NHW Pers.

Pieterse, H J C & Heyns, J A 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis.

Pont, A D 1989. Kerk en Universiteit: Hoort die Kerk se teologiese opleiding aan 'n universiteit? *Die Hervormer* Februarie 1989, bl 9, 12.

Potgieter, P C 1987. Voorberei en toegerus: 'n studie oor bedieningsgerigte kurrikulering aan teologiese fakulteite. Ongepubliseerd.

Universiteit van Pretoria 1963. Notule van Kuratorium. Pretoria: UP.

--- 1967. Notule van Kuratorium. Pretoria: UP.

--- 1983. Notule Dosentevergadering: Notules Kurrikulumkomitee. Pretoria: UP.

--- 1988. Notule Dosentevergadering van die Teologiese Fakulteit (Afd A). Pretoria: UP.

Van der Merwe, P J 1984. Die teologiese opleiding en kurrikulumondersoek. *HTS* 40/1, 141-150.

Van der Ven, J A 1982. *Kritische Godsdienst Didactiek*. Kampen: Kok.